THE HIVE
NUUSBRIEF
April 2019

AMPTELIKE KOMMUNIKASIE VAN DIE VERSO SAMBREEL AFTREEFONDSE (VURF)

Post Belmont Office Park, Twist Street, Bellville. 7530
Tel: 021 943 3500 ● Fax: 021 943 5599
@ info@vurf.co.za
www.vurf.co.za

Ons het jou nuutste kontakbesonderhede nodig!

Die Fonds wil met jou kommunikeer. Ons wil jou vertel van veranderinge in VURF soos en wanneer hulle ontwikkel en jou voorsien van VURF inligting wanneer dit nodig is. Verskaf asseblief jou selfoonnommer, e-pos en posadresse op enige van die volgende maniere:

1. Voltooi die laaste bladsy van jou voordeelstaat. Stuur dit per e-pos of gee dit aan jou werkgewer om aan ons te stuur.
2. E-pos jou besonderhede aan ons - VURFInfo@verso-fs.co.za.
3. Voorsien jou werkgewer van jou nuutste kontakbesonderhede.

Raad van Trustees:
Me W Parker (*Onafhanklike Trustee en Voorsitter*);
Mnr W Rossouw (*Onafhanklike Trustee*),
Adv T Niemand (*Verso -aangestelde Trustee*),
Adv C Franken (*Verso -aangestelde Trustee*),
Mnr E Thomson (*Verso -aangestelde Trustee*),
Mev Y Wilken (*Verso -aangestelde Trustee*),
Me B Krummeck (*Hoofbeampte*).

VERSO®
Umbrella Retirement Fund

Vrywaring: Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate berriggewing gely word nie.

Brief van die Hoofbeampte

Beste lid

Welkom in 2019! Hierdie jaar het met baie verrassings begin. Die skielike elektrisiteit beurtkrag het ons beslis op sekere tye van die dag in die duister gelaat. Die Fonds laat sy lede nie in die duister nie en ons hoop dat u die nuutste nuusbrief verrykend vind.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u geluk te wens met die voortgesette bydraes tot u aftreespaargeld en dat u, ondanks die marktoestande, steeds belê bly. Aan al die nuwe Fondslede, welkom! Ons wens u 'n goeie begin met u aftreespaarreis toe.

Maak seker dat u spaargeld steeds groei deur addisionele vrywillige bydraes te maak om te verseker dat u pot geld nie opdroog/beurtkrag ondervind nie. In my vorige brief het ek genoem dat ek julle op hoogte sal hou van die Verstek-Regulasies en hoe VURF daaraan voldoen. Hierdie nuusbrief bied meer insig hieroor.

Onthou altyd om u werkgewer te voorsien van u mees onlangse persoonlike inligting en kontakbesonderhede en onthou om u begunstigde nominasievorm op datum te bring of te voltooi.

Vriendelike groete

Brenda Krummeck
Hoofbeampte van die Verso Sambreel Aftree Pensioen- en Voorsorgfonds

Hoe kan jy uitvind of jy op die regte pad is vir 'n goeie aftrede?

Jou voordeelstaat verskaf aan jou besonderhede oor jou huidige aftreespaargeld, 'n opsomming van jou fondsvoordele en gee 'n aanduiding van hoe jou aftreespaargeld tred hou met jou inkomstedoel vir jou aftrede. In plaas daarvan om net deur jou voordeelstaat te skandeer, gebruik dit om 'n sinvolle gesprek met jou finansiële adviseur te hê.

Doen voorraadopname en verhoog jou aftreespaargeld

Is jou huidige aftreespaargeld genoeg om voorsiening te maak vir jou aftrede eendag? Ons is geneig om soveel aandag te gee daaraan om te spaar aan ons pot geld, dat ons nie genoeg fokus daarop of hierdie pot groot genoeg sal wees om ons eendag van 'n redelike inkomste te voorsien nie. Maak seker dat jy addisionele vrywillige bydraes maak soos en wanneer jy kan.

VERSTEK-REGULASIES

Verstek-Regulasies is op 1 Maart 2019 geïmplementeer!

Die Trustees van die Verso Sambreel Aftree Pensioen- en Voorsorgfonds beskryf hoe die Fonds aan die Verstek-Regulasies voldoen, wat die volgende vereis:

- **Regulasie 37** - Stel 'n verstek-beleggingstrategie op Fondsvlak vas
- **Regulasie 38** - Stel 'n metode vas vir bewaring en oordraagbaarheid
- **Regulasie 39** - Stel 'n annuïteitstrategie vas wat geskik is vir lede

Regulasie 37

Waar 'n deelnemende werkgewer nie 'n besluit oor hul verstek-beleggingsportefeulje gemaak het nie, het die Fonds die volgende verstek-lewensfase opsie in plek gesit:

Jare tot Normale Aftreedatum	Persentasie van Lid Aandeel geallokeer na 'n Portefeulje		
	Alexander Forbes Investments Performer	**Alexander Forbes Investments Defender Plus**	**Sanlam Monthly Bonus**
Meer as 7	100%		
Minder of gelyk aan 7, maar meer as 6	50%	50%	
Minder of gelyk aan 6, maar meer as 5	0%	100%	
Minder of gelyk aan 5, maar meer as 4		75%	25%
Minder of gelyk aan 4, maar meer as 3		50%	50%
Minder of gelyk aan 3, maar meer as 2		25%	75%
Minder of gelyk aan 2, maar meer as 1		0%	100%
Minder as of gelyk aan 1		0%	100%

Regulasie 38

Lede wat die diens van hul werkgewer verlaat, het die opsie om via die In-fonds bewaringsopsie in die Fonds belê te bly. Sodoende bly lede se gelde in dieselfde portefeulje(s) waarin hulle belê was in die Fonds.
Lede wat die diens van hul werkgewer verlaat voor aftrede, sal nou opbetaald in die Fonds gemaak word totdat die Fonds skriftelik deur die lid opdrag gegee word om betaling te maak of om sy/haar voordeel oor te dra.
Regulasie 38 vereis ook dat lede toegang kry tot aftreevoordele berading voordat hul eis verwerk word. Die Fonds bied aan al sy lede hierdie diens deur die Administrateur se "aftreevoordele-berading" -platform.
Hierdie diens stel lede in staat om goed ingeligte besluite oor hul aftreespaargeld te neem.

Regulasie 39

Die Raad van Trustees het 'n maatskappy genaamd "Just" aangestel as die aangewese diensverskaffer vir die Fonds se buite-fonds annuïteitstrategie, wat aan die wetlike vereistes voldoen en beskikbaar is vir alle lede wat uit die Fonds aftree. Lede wat aftree sal minstens drie (3) maande voordat hulle normale aftrede bereik, gekontak word vir aftreevoordele berading.

Die afgetredene kan sy eie waarborgperiode van 5 of 10 jaar kies. Die Fonds het egter ’n standaardwaarborgperiode van 10 jaar geïmplementeer.

’n Enkel lewenspensioen of ’n gesamentlike lewenspensioen (gade) kan aangekoop word. Die afgetredene sal die keuse hê om óf ’n 50% gade-pensioen óf 75% gade-pensioen te kies. ‘n 75% gade-pensioen sal egter die Fonds se standaard-keuse in hierdie strategie wees.

Die aftreevoordele berader sal die afgetrede persoon met meer inligting oor die verstek-annuïteit kan voorsien.

Aftreevoordele Berading

Die nuwe regulasies vereis dat berading aan lede van die Fondse voorsien moet word. Feitlike inligting moet verskaf word oor die opsies wat beskikbaar is met uitdienstrede (kontant, oordrag, opbetaalde, ens.) en die belastingimplikasies van elk. Afgetredenes moet 3 maande voor normale aftree-ouderdom gekontak word om inligting oor die standaard annuïteits-aanbod te verskaf.

Lede wat diens verlaat voor normale aftree-ouderdom, sal voorsien word van skriftelike inligting oor die voordele-eisvorm. Indien ’n lid telefoniese (persoonlike) berading benodig, word die relevante kontakbesonderhede op die eisvorm onder die "belangrike aantekeninge" -afdeling voorsien.

Afgetredenes sal telefonies gekontak word 3 maande voor normale aftree-ouderdom.

Om met ’n berader te praat, kontak asseblief die Fonds se Administrateur by 021 943 5330 of 021 943 5357 of e-pos jou volle naam, van en ID nommer na rbc@verso.co.za en ’n aangewese aftreevoordele berader sal u kontak. Vir meer inligting oor aftreevoordele berading en al die beskikbare opsies, besoek asseblief die Fonds se webwerf www.vurf.co.za.